HAND IN HAND

HANDE DOPHOU

WELKOM

Gooi julle dobbelsteen. Kyk na die syfer waarop jou steentjie land. Soek vir dieselfde hoeveelheid van n voorwerp in die vertrek en noem dit op, bv. 4 koffiebekers, 6 plante, 1 TV

NO HAND HANDSHAKE

1. Staan 1 meter uitmekaar
2. Strek jou hand uit.
3. Raak aan jou oor.
4. Draai jou hande om mekaar.
5. Maak vuiste en slaan dit op mekaar.
6. Bons jou hande in die lig.
7. Maak brilletjies met jou vingers oor jou oë.

WONDER

Lees Psalm 123
Kyk dan saam na hierdie video.

ONTHOU-VERS

Psalm 123:3b

"Wees goed vir ons Here, wees baie goed vir ons!"

GESELS SAAM

- Hoeveel keer word die woorde 'oë', 'ontferm', 'hand' en 'Here' in Psalm 123 gebruik?
- Hoe kyk ‘n mens na God se hande as dit sou wees soos ‘n slaaf na ‘n eienaar kyk?
- Wanneer ons God se hande dophou, sien ons wat God alles gemaak het en gedoen het. Vertel van 'n keer wat jy iets spesiaal geleer het oor wat God vir jou gedoen het.

WEES

- Wie hou jy graag dop?
- Kies een ding wat jy by een van jou ander gesinslede kan dophou en aanleer die week: Dit kan 'n aanlyn speletjie wees of 'n vaardigheid soos kook
- Dophou en vertroue pas bymekaar. Hoe dink jy?

WEGSTUUR

Vanaand bid ons met oop oë. Kom ons staan regop, draai stadig in die rondte en kyk wat ons alles kan sien. Sê nou vir God dankie vir al die maniere waarop Hy vir ons goed is.

Knip 2 ovaal vorms uit papier en teken 'n oog in elkeen. Sit dit neer waar julle dit kan sien om te onthou ons oë op God is.